
Publication: Landbouweekblad

Date: Thursday, August 18, 2022

Page: 11





# Spaar met effektetrusts

**Kom ons gesels vandag oor beleggings, en meer spesifiek beleggings in effektetrustfondse. Dit is 'n goeie manier om te spaar.**

Almal wil tog vir hulself rykdom skep. Die manier om dit te doen, is deur te spaar. Jy kan deur harde werk alleen net soveel doen, want as jy nie 'n groot deel van jou inkomste spaar nie, het jy uiteindelik ook maar niks.

Sommige mense hou van direkte aandelebeleggings. En dit is goed, solank jy die risiko's verstaan. Kortom, jy moet genoeg geld in genoeg verskillende aandele belê sodat jy diversifikasie in jou belegging kan inbou. Diversifikasie – in verskillende aandele en ook in verskillende ekonomieë oor die wêreld heen – is een manier om risiko te beperk. Dit kom basies daarop neer dat jou hele beleggingsportefeulje nie daarmee heen sal wees as die mark val nie.

Ander verkies konserwatiewer beleggings, soos rentedraende instrumente, waaronder kontant of effekte (moet dit nie verwar met effektetrusts nie).

## GERIEFLIK EN VEILIG

Vir my en die meeste beleggers is 'n belegging in effektetrustfondse 'n beter beleggingsopsie. Jy het in een fonds of in net 'n paar fondse al die diversifikasie wat jy nodig het. Alles op een platform.

In een fonds kan jy in verskillende bateklasse belê, byvoorbeeld in aandele, effekte, eiendom en kontant. Jy kan ál jou geld in een ekonomie belê of in verskeie ekonomieë. Die beste beleggingsgeleenthede oor die wêreld heen word vir jou oopgemaak.

Jy koop wat genoem word onderaandele (eenhede) in 'n effektetrustfonds. Dit bied geleentheid aan kleiner beleggers om deel te hê in die groei van sogenoemde groeibates (aandele en eiendom), sonder om groot bedrae geld direk daarin te belê.

Suid-Afrika is teen 1965 aan effektetrusts blootgestel. Sedertdien het dit 'n reusebedryf geword met honderdmiljarde rande se spaargeld wat daarin belê is.

Effektetrusts is veilige beleggings. Ek wil drie belangrike punte daaroor uitlig.

Eerstens, die fonds kan nie insolvent verklaar word nie. Dit kan slegs gelikwideer word. Die geld moet dan aan die eenheidhouers uitgekeer word. Daar is nie skuldeisers wat hul deel moet kry nie.

Tweedens, die skemas word geadministreer deur trustees wat fidusiêre beheer moet uitoefen. Dit gebeur onder gesag van die gedragsowerheid vir finansiële dienste (FSCA).

Die derde punt is dat 'n bestuursmaatskappy die fonds administreer. Dit is waar die kundigheid lê om beleggingsbesluite te neem en die koop en verkoop van beleggingsintrumente te beheer. Ek wil hierdie punt beklemtoon.

Soos ek hierbo genoem het, maak effektetrustfondse dit moontlik om in 'n verskeidenheid instrumente te belê. Jy kan dit natuurlik self direk ook doen. Maar hoe besluit jy of dit 'n vyfjaareffek of 'n twintigjaareffek moet wees?

Wat van aandele? Jy kies tog nie aandele geblinddoek met 'n potlood in die hand nie. 'n Effektetrustfonds bied jou toegang tot 'n verskeidenheid aandele, uitgesoek deur kundiges wat niks anders doen as om sake en aandele te ontleed en te koop en te verkoop nie.

Jou finansiële beplanner kan jou help om die regte fondse te kies volgens jou behoeftes en jou beleggingstermyn. Hoe langer, hoe meer aandele, byvoorbeeld.

Eintlik het mense dinge nog nooit so maklik gehad nie. Die fondse is daar. Die beskerming is daar. Die kundigheid is daar. Jy moet jouself net daartoe verbind om welvaart te skep. **LBW**

*Mnr. Nico van Gijsen is 'n gesertifiseerde finansiële beplanner, belastingpraktisyn, lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac.*

NAVRAE: Mnr. Nico van Gijsen, e-pos: **nico@finlac.com**, Twitter: **@Nicovangijsen**

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.